Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

VISUELE KUNSTE V1

NOVEMBER 2019

PUNTE: 100

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.
Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

INSTRUKSIES EN INLIGTING

In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede toon:

- Gebruik van die korrekte kunsterminologie
- Gebruik en toepassing van visuele analise/ontleding en kritiese denke
- Skryf en navorsingsvaardighede in 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Plaas van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks
- Begrip van eiesoortige kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.

5. Maak seker dat jy na die kleurafdrukke van die visuele bronne verwys waar dit vereis word.

6. GEEN punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word NIE. Kruisverwysing van kunswerke is toelaatbaar.

7. Noem die kunstenaar en titel van ELKE kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.

8. Kandidate mag NIE beelde wat alreeds in ander vrae gebruik is, bespreek NIE.

9. Skryf op 'n duidelike, kreatiewe en gestruktureerde manier en gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. 'n Lys met feite/tabelle word NIE aanvaar NIE.

10. Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoorde. Let op die puntetoekenning.

    - 6–8 punte: 'n minimum van ½–¾ bladsy
    - 10–14 punte: 'n minimum van 1–1½ bladsy(e)
    - 20 punte: 'n minimum van 2 bladsye

11. Skryf netjies en leesbaar.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

LAAT HIERDIE BLADSY OOP.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

BEANTWOORD ENIGE VYF VRAE.

VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

Die Amerikaanse kunstenaar, John Biggers, en die Suid-Afrikaanse kunstenaar, Helen Sebidi, toon albei die geswoeg en swaarkry in die alledaagse worsteling om te oorleef.

1.1 Vergelyk die moontlike betekenisse en boodskappe in FIGUUR 1a en 1b.

Verwys na die volgende:

- Plasing van die figure in hulle spesifieke agtergronde
- Kleur, vorm en lyn
- Komposisie
- Perspektief (10)

1.2 Bespreek TWEE kunswerke deur enige Suid-Afrikaanse kunstenaar(s) wat deur hulle omgewing beïnvloed is.

Sluit die volgende by jou antwoord in:

- Onderwerp
- Gebruik van lyn, vorm en kleur
- Sosiale/Kulturele invloede
- Styl
- Moontlike boodskappe/betekenisse (10)

[20]

Onteiendes:	Ontneem van grond, eiendom of besittings
Versamelaars:	Mense wat bymekaarmaak/versamel

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek



FIGUUR 1a: John Biggers, ***The Gleaners (Die Versamelaars)***, olie op doek, 1943.

FIGUUR 1b: Helen Sebidi, ***The Dispossessed (Die Onteiendes)***, akrielverf op doek, 2011.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS

Helen Sebidi en Wangechi Mutu het albei kunswerke geskep wat kenmerkend van Afrika is.

2.1 Stem jy saam met die stelling hierbo of verskil jy daarvan?

Verduidelik jou antwoord deur na die volgende te verwys:

- Spesifieke Afrika-invloede
- Antieke en/of futuristiese siening van Afrika
- Kunselemente
- Materiaal en tegnieke
- Styl (10)

2.2 Bespreek TWEE Suid-Afrikaanse kunswerke deur verskillende kunstenaars wie se werke Afrika- visuele beelde en/of -simbole insluit.

Gebruik die volgende riglyne in jou opstel:

- Die invloede van inheemse Afrika-kunsvorme en/of -simbole
- Onderwerp
- Lyn, vorm en kleur
- Styl
- Tegnieke/Materiaal
- Moontlike boodskappe/betekenisse (10)

[20]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek



FIGUUR 2a: Helen Sebidi, ***The Spirit Guides Her towards Marriage (Die Gees Lei Haar na Die Huwelik)***, olie op doek, 2015.



FIGUUR 2b: Wangechi Mutu, ***In Killing Fields Sweet Butterfly Ascends (In Moordvelde Styg Soete Skoenlapper)***, ink, collage, papier, 2003.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's INGESLUIT

In FIGUUR 3a en 3b gee die Suid-Afrikaanse kunstenaar, Willie Bester, 'n narratiewe siening van die onregte wat aan die mense in informele nedersettings gedoen word.

3.1 Verwys na die stelling hierbo en skryf 'n paragraaf waarin jy jou persoonlike interpretasie van FIGUUR 3a OF FIGUUR 3b gee. (6)

3.2 Bespreek die kunswerk van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars wat jy bestudeer het wat sosiale en/of politieke kwessies weerspieël.

Skryf 'n opstel waarin jy op die volgende reageer:

- Kunselemente
- Visuele beelde gebruik
- Media en tegniek
- Styl
- Moontlike boodskappe/betekenisse (14)

[20]

Interpreteer:	Analiseer ('n gedetailleerde en logiese bespreking van die formele elemente van kuns) en evalueer (om 'n ingeligte opinie te gee)
Narratief:	Storielyn

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

FIGUUR 3a: Willie Bester, ***Necklace Murder (Halssnoermoord)***, ink-was-collage, 1989.

FIGUUR 3b: Willie Bester, ***Laws on Co-operation and Development II (Wette oor Samewerking en Ontwikkeling II)***, waterverf en collage, 2009.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA

Suid-Afrika is 'n baie oorvloedige en kleurvolle land ten opsigte van kuns en kunsvlyt en is gedurig besig om homself te herskep.

4.1 Kies enige TWEE kunswerke (FIGURE 4a tot 4d) en bespreek hoe hierdie kunsvlyte herskep is deur na die volgende te verwys:

- Patroon en kleur
- Tegnieke
- Funksie van die kunswerk (8)

4.2 Bespreek TWEE kunswerke deur verskillende kunsvlytkunstenaars en/of geestelike kunstenaars wat deur hulle kultuur en verbeelding geïnspireer is.

Gebruik 'n paar van die volgende riglyne in jou opstel:

- Invloede en inspirasie
- Kunselemente
- Gebruik van materiaal en tegnieke
- Funksie en/of boodskap (12)

[20]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

FIGUUR 4a: Die Afrika-kunssentrum, ***Ilalapalm-mandjies***, palm, gras en kleursel (gemaak om Zoeloe-bier in te stoor), datum onbekend.

FIGUUR 4b: Die Afrika-kunssentrum, ***Appliek*** (geborduurde paneel) ***van Ukugqula Umbila (stamp van mielies/koring)*** deur die Ntokozo-groep, 2004.

FIGUUR 4c: Die Afrika-kunssentrum, ***Telefoondraadmandjiewerk***, draad. Hierdie vlyt het waarskynlik sy oorsprong in die 1950's in KwaZulu-Natal gehad.



FIGUUR 4d: Laduma Ngxokolo, ***Mother Tongue (Moedertaal)***, foto van gebreide mansdrag deur MAXHOSA, deur tradisionele Xhosa-kralewerk geïnspireer, datum onbekend.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORME IN SUID-AFRIKA

Die kunstenaar, Haroon Gunn-Salie, wat in Kaapstad gebore is, het 'n installasie van 17 figure geskep deur gemengde media te gebruik. Dit het 'n gepaardgaande klankbaan, wat hy *Songs for Sabotage (Liedere vir Sabotasie)* noem. Die figure verteenwoordig die stakende mynwerkers wat op 16 Augustus 2012 deur die polisie tydens die eerste gewelddadige botsing by die Lonmin-myn in Marikana geskiet is. Hulle het begin om ***Senzenia*** te sing net voordat die skietery begin het.

Die Poolse kunstenaar, Magdalena Abakanowicz, het 'n installasie van 106 drie meter hoë 'liggame' geskep wat die gruwels gedurende die Tweede Wêreldoorlog uitbeeld. Deur dit in 'n openbare ruimte te plaas, kan gewone mense daarmee kontak hê.

5.1 Vergelyk FIGUUR 5a met 5b deur die volgende in aanmerking te neem:

- Waarom, dink jy, het die kunstenaar gekies om die onvoltooide figure uit te beeld?
- Waarom het die kunstenaars in beide installasies gekies om herhalende figure te gebruik?
- Hoe sou jy die styl van die figure en die impak wat hulle op die kykers het, beskryf?
- Dink jy dat die kunstenaars hulle boodskap suksesvol oorgedra het? Gee redes vir jou antwoord. (7)

5.2 Watter kunswerk is meer suksesvol in die oordrag van sy boodskap? Gee redes vir jou antwoord. (3)

5.3 Analiseer enige TWEE multimedia en/of nuwemedia-kunswerke. (10)
[20]

Analiseer:	'n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele elemente van kuns
Senzenina:	'Wat het ons gedoen?' in Xhosa en Zoeloe
Agora:	'Plek van samekoms' in Grieks

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

FIGUUR 5a: Haroon Gunn-Salie, ***Senzenina***, installasie in gemengde media, 2018.

FIGUUR 5b: Magdalena Abakanowicz, ***Agora***, gietyster,
Grant Park, Chicago, VSA, 2016.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NÁ 1994

Ons almal dra maskers wat van ons identiteit deel word.

Maskers het 'n lang geskiedenis vir beide seremoniële en praktiese doeleindes. 'n Masker vermom 'n mens se identiteit om 'n nuwe persoonlikheid of rol aan te neem.

Interpreteer hoe die masker identiteit vermom in FIGUUR 6a (stilfoto uit 'n opvoeringstuk) deur na die volgende te verwys:

- Komposisie
- Agtergrond/Plasing
- Verwantskap/Skakel met identiteit
- Kostuums/Kleur
- Moontlike boodskap/betekenis
- Bespreek TWEE Suid-Afrikaanse kunswerke ná 1994 wat 'n spesifieke identiteit vermom of blootstel. **[20]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

FIGUUR 6a: Kudzani Chiurai, ***We Live in Silence 1 (Ons Leef in Stilte 1)***, foto/stillewe van die multimedia-opvoering, 2017.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

Geslagsrolle wat deur die samelewing gedefinieer word, word deur die Meksikaanse kunstenaars, Fabián Cháirez en La Suerte, bevraagteken.

7.1 Dink jy dat FIGUUR 7a en 7b tipiese voorstellings van manlikheid en vroulikheid is? Motiveer jou opinie deur die TWEE kunswerke te bespreek.

Verwys na die volgende:

- Uitbeelding van die figure
- Kleur
- Styl en tegniek (8)

7.2 Bespreek TWEE kunswerke deur verskillende kunstenaars wat in hulle werke op manlikheid en vroulikheid kommentaar lewer. (12)
[20]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

FIGUUR 7a: La Suerte, ***titel onbekend***, muurskildery in 'n agterbuurt, 2015.



FIGUUR 7b: Fabián Chairéz, ***El Jardin De Las Delicias***, (uit die reeks ***Die Tuin van Genot***), olie op doek, 2015.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

Patricia Piyani se gebrek aan opleiding het haar geïnspireer om 'n geleentheid te skep vir behoorlike opleiding vir die kinders in haar gebied. Sy het die Silindokuhle Preschool (Voorskool) in Port Elizabeth gestig wat met herwonne en teruggewonne materiaal gebou is. Dit is deur die gemeenskap met plaaslike materiaal, soos kartonhouers, wynbottels, houtpalette, skaatsplanke en geriffelde plastiekvelle gebou, en het 'n SAIA-toekenning vir innoverende bouwerk vir volhoubare argitektuur ontvang.

8.1 Regverdig waarom die SAIA-toekenning vir innoverende bouwerk vir volhoubare argitektuur aan die Silindokuhle Preschool toegeken is deur die volgende te bespreek:

- Gebruik van materiaal
- Volhoubaarheid
- Funksionaliteit
- Ontwerp
- Innoverende bouwerk (8)

8.2 Analiseer TWEE Suid-Afrikaanse argitektoniese geboue/strukture wat jy bestudeer het deur die volgende te bespreek:

- Invloede
- Innoverende ontwerp
- Boumateriaal en konstruksiemetodes
- Volhoubaarheid
- Impak op die omgewing
- Funksionaliteit (12)

[20]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

FIGUUR 8a: Collectif Saga, **Silindokuhle Preschool**, Port Elizabeth, Suid-Afrika, 2018.

FIGUUR 8b: Collectif Saga, bouproses van **Silindokuhle Preschool**.

FIGUUR 8c: Collectif Saga, 'n blik op die interieur van die klaskamer.

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou